Hoërskool Pionier Koshuis

KONSEP GEBEURLIKHEIDSPLAN VIR KOSHUISLEERDERS SE TERUGKEER NA COVID-19 INPERKING

1. Stelsels en reëlings.

1.1 Koshuis en personeel

- Kamers en fasiliteite word skoongemaak en volgens voorskrifte gesaniteer.
- Kamers en fasiliteite word risikovry verklaar deur ’n beampte.
- Handreiniger beskikbaar by alle ingange na gange en gemeenskaplike areas.
- Kennisgewings rakende die Covid-19 virus word opgesit: basiese higiëne, simptome ens.
- Aankoop van persoonlike beskermingsdrag vir werkers en personeel, asook termometers.
- Werkers en personeel ontvang opleiding rakende die Covid-19 virus.
  - Identifisering van simptome.
  - Prosedure indien ’n koshuisleerder simptome toon.
  - Persoonlike higiëne om die verspreiding van die virus te voorkom.
  - Daaglikse roetine en veiligheidsmaatreëls.

1.2 Koshuisleerders en ouers/voogde

- Ouers moet vooraf die koshuis in kennis stel indien hul kind sou terugkeer.
- Geen koshuisleerder mag terugkeer indien hy die simptome toon of in kontak met iemand was, wat positief getoets het vir die virus in die laaste twee weke nie.
- Ouers se reëlings moet van so aard wees dat hulle hul kind dadelik kan kom haal indien hy/sy simptome toon of die inperkingstyd weer heringestel sou word.
- Koshuisleerders moet onderneem om die maatreëls wat by die koshuis ingestel is, nougeset na te kom.
- Koshuisleerders verskaf hul eie gesigsmaskers. ’n Week se voorraad word benodig.

2. Slaapreëlings

- Koshuisleerders word alleen in die kamers ingedeel.
- Herindeling sal gedoen word soos wat graadgroepe terugkeer.
  Indien koshuisleerders kamers moet deel namate die hoeveelheid groei, sal streng reëlings in plek gestel word.
- Koshuisleerders moet net die nodige saambring en gereed wees om moontlik elke naweek te ontruim. Dit sal in samewerking met busroetebepaling geskied.

- Koshuisleerders wat nie oor die naweke kan ontruim nie, se ouers moet toestemming by die koshuisouers kry.
- Paslakens word oor naweke geruil en kamers word skoongemaak en gesaniteer.
- Koshuisleerders kan nie oor en weer by mekaar kuier nie.

3. **Etereëlings**
    - Etenstye sal per graad aangepas word soos die getalle toeneem. Tye sal op die kennisgewingborde verskyn.
    - Binne eetsaal
      Slegs vier koshuisleerders per tafel. Personeel aan (hoof)diens kontroleer die eetsaal om goeie orde te handhaaf.
    - Buite eetsaal
      Koshuisleerders hou ’n een meter spasie tussen mekaar wanneer hulle in ’n ry staan. Persoon aan (hulp)diens kontroleer die koshuisleerders om goeie orde te handhaaf.

4. **Badkamerreëlings**
    - Storttye sal op die kennisgewingborde verskyn en sal aangepas word soos die getalle toeneem. Streng beperking sal geplaas word op aantal leerders per badkamer.

5. **Kontrole**
    - Kontrolelyste sal aangepas word met elke graadgroep wat terugkeer en kamers sal heringedeel word waar nodig.
    - Personeel aan diens bly verantwoordelik vir finale opsomming en kontrole.
    - **Die toetsing van elke koshuisleerder se temperatuur sal soggens en saans plaasvind.**
    - Presensie sal deur die personeel aan diens hanteer word. Koshuisleerders bly in hul kamers hiervoor, personeel sal rondbeweeg.

6. **Vryetydsbesteding**
    - Ontspanningsareas sal buite perke wees.
    - Die gebruik van die fasiliteite op die skoolterrein sal vasgestel word deur die skoolhoof. Reëlings sal deurgegee word.
    - Geen koshuisleerder mag die terrein verlaat nie.
    - Koshuisleerders mag nie in groepe vergader nie.

7. **Aankomstye**
    - Datums, aankomstye en aflaaipunte sal aan die ouers deurgegee word.
    - Met aankoms sal koshuisleerders ’n temperatuurtoets by ’n aangewese punt ondergaan:
    - Aantree op teerblad by voordeur waar bagasie gesaniteer sal word. Leerlinge sal in portaal getoets word en op register aangeteken word
    - Geen ouer word op die koshuisterrein toegelaat nie.

- Koshuisleerders moet ’n gesigmasker met hul aankoms aanhê.

8. **Algemeen – Koshuisleerders**
    - Leerders moet ten alle tye die voorgeskrewe afstand tussen mekaar handhaaf.
    - Leerders moet gereeld hul hande was en die handreiniger by ingange gebruik.
    - Geen persoonlike items mag bymekaar geleen en gebruik word nie.
    - Leerders wat simptome van die Covid-19 virus toon, moet dadelik by ’n personeellid aanmeld. So ’n leerder sal dadelik na die siekekamer geneem word waar hy/sy sal bly totdat verdere reëlings getref is.
    - Leerders moet ten alle tye, wanneer hul buite hul kamers beweeg, ’n gesigmasker dra.
    - Leerders moet nie onnodig aan oppervlaktes raak nie bv. trapreëlings.
    - Daar sal streng opgetree word teen enige leerder wat nie by die regulasies hou nie. Die huisvader/moeder sal indien nodig so ’n leerder se ouers in kennis stel om hom dadelik van die terrein af te verwyder.

9. **Inwonende personeel en werkers**
    - Inwonende personeel is verantwoordelik vir die veiligheid van hulle gesinne. Kontak met koshuisleerders moet vermy word.
    - Werkers ontvang die nodige veiligheidsklere en toebehore wat hulle ten alle tye moet dra.
    - Werkers se temperatuur sal daagliks, met hul aankoms, getoets word.
    - Werkers moet die voorgeskrewe veilige afstand tussen mekaar handhaaf en gereeld hul hande was.

10. **Aflewerings en kontrakteurs**
    - Daar word van alle afleweringpersoneel en kontrakteurs verwag om die regulasies soos deur die regering bepaal noukeurig na te kom.
    - Koshuispersoneel moet dit deeglik monitor en moontlike risiko’s rapporteer.

Mnr C. Smith
Koshuis Superintendent